

DIENSORDE:

Aankondigings
 Toetrede Lied 170 : 1
 Votum
 Seën
 Loflied Lied 365 : 1 – 3
 Wet uit 1 Sam 2
 Verootmoediging Lied 247 : 1
 Genadeverkondiging uit Hebr 9 : 28
 Stilgebed
 Geloofsbelydenis
 Offergawes
 Gebed

Skriflesing Markus 10 : 17 – 31
 Boodskap “Die 13de dissipel?”

Gebed
 Slotlied Lied 308 : 1 – 5 (verse 1 & 2 in Afr; vers 3 & 4 in Eng; vers 5 in Afr)
 Seën



S O N D A G 18 November 2018
 26ste Sondag in Koninkrykstyf



Heuwelsein

09:00 Formele diens: Ds Mauritz

Teks: Markus 10 :17—31
 Tema: “Die 13de dissipel?”

10:30 Kategese: GEEN meer vir die jaar

10:30 Kruiskerk (laaste vd jaar): Ds Mauritz

Teks: Markus 10 :17—31
 Tema: “Die 13de dissipel?”

15:00 Diens vir Sothosprekendes: GEEN

18:00 Aanddiens: Dr. Charles & Jan Beukes

KERSSANGDIENS — ”Prys Hom in die hoogste hemel”

DEURKOLLEKTE:
 Volksblad
 Omgeefonds

Diakens diensbeurte:	18 November Izak, Clasina, Rina, Schalk, Ina Visser, Rika, Deon	25 November Margaret, Magriet, Pierre, James, Petrusa, Trudie, Deon
Ouderling diensbeurte:	18 Nov — Herklaas Smit 25 Nov — Willa Benade	Kantoordiens: 18 Nov —Christa Mitchell 25 Nov —Annetjie v Wyngaardt

ALGEMENE INLIGTING:

- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil uitleef. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.
- **Huisbesoek:** Indien u 'n behoefte aan huisbesoek het, kontak asb u Blok-leraar. Indien u bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig kan u ons daarvoor skakel.
Dr Charles—079 895 3911 of 051 436 4769 Blokke B, D/F, E/G, H/I en M.
Ds Mauritz—079 895 3916 of 051 436 1644 Blokke A, C, J/K, L, N en O
Ons is hier vir jou!
- **Laat weet asb jou leraar van siekte, veral hospitalisasie.** Die hospitale het nie meer lyste beskikbaar waarmee ons lidmate kan opspoor nie. As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... en dis vir ons dominees baie sleg as dit gebeur. Laat weet ook asb wanneer persone “step downs” toe gaan
- **Ouers met peuters** wat formele diens bywoon, is welkom om in die kapel te gaan sit. Daar is klank en beeld en dit laat die kinders ook deel van die diens voel
- **Tee:** Ons drink elke Sondag tee tussen die oggenddienste by die luike. Dankie aan die teeskinkers!

LET WEL:

- Indien u dalk sukkel om in die kerk te **hoor**, oorweeg dit om vorentoe te sit. Klein luidsprekers aan die kante voor, help om beter te kan hoor
- Indien jy nie vanoggend 'n sensusvormpie by die deure gekry het nie, doen asb moeite om by een van die deure so vormpie te voltooi en in houer te plaas. Ons wil graag die databasis van die gemeente op datum kry.
- By Preller Walk is 'n **posbus** waarin strokies vir Heuwelkruin gegooi kan word
- Ons benodig **kategete** vir 2019. Indien jy geroepe voel tot hierdie heerlike voorreg, kontak ds Mauritz asb
- Blokke en Omgeegroep wat die lapa vir **jaareindfunksies** wil gebruik, kan dit by die kantoor bespreek
- Ons benodig 'n **voorsitter** vir die **ADFIN-kommissie**. As jy gelei voel om dit te doen, kontak asb. een van die leraars
- Ons benodig DRINGEND 2 nuwe **klankoperateurs**. Aansoeke by kantoor

TORINGS VAN HOOP-KOSPROJEK

Jaarliks is die kritieke tyd by Torings van Hoop, i.t.v. kosvoorsiening aan die behoeftige straatmense, tussen Kersfees en Nuwejaar. In die voorportaal is plastiekhouders met deksels. Indien jy kos voorberei het, en daar bly oor, kan jy dit in die houer skep en vries en/of na die kerk bring. Net voor Kersfees sal ons hierdie kos na Torings van Hoop neem vir verspreiding aan behoeftige mense. Baie dankie by voorbaat vir jou bydrae. Navrae: Ds Mauritz

Geloofsgelofte-offer:

Hierdie is 'n projek waar gemeentede die geleentheid kry om buiten die gewone maandelikse dankoffer, 'n addisionele dankoffer te gee. Jy het saam met die 2018 kalender so 'n koevert gekry (met rooi gedruk). Daar is ook nog geloofsgelofte-offerkoeverte in die portaal en kerkkantoor beskikbaar. Indien jy só 'n bydrae wil maak, kan jy die koevert in die kollektemandjie gooi, by die kantoor inhandig, of 'n elektroniese bankoorbetaling doen.

Dankoffers Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra!

Ons vra nie groter bydraes van lidmate nie—net dat ELKE lidmaat getrou sy/haar dankoffers sal bydra.

Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg. Neem asb u lidmaatsnommer saam wanneer u daarvoor gaan reël.
NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatnr

Pas asb aftrekorders ook elke jaar aan, dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom.

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.

LIEF EN LEED

- Ons bid vir ds Mauritz en Sonja wat die verlede week 'n beroep na Outeniqualand naby Groot Brakrivier, ontvang het. Mag God duidelik lei
- Lieb Rossouw (L) hospitaal
- Esmarie van Zyl (H/I) was in die hospitaal
- Riana Malan (A) herstel na rugoperasie
- Marietjie van Rensburg (A) herstel na skoueroperasie
- Leonora Ceronio (E/G) Ontvang bestraling
- Lizzy Kahts (M) Ontvang chemoterapie. Gewas geweldig gekrimp—Prys die Here!
- Linda en Johannes Beckmann (D/F) se moeders is albei baie ongesteld
- MATRIEKS wat besig is met hulle eindeksamens.—mag God kalmte vir elke vraestel gee
-

ONS BID VIR MALAWI... Dis 'n baie interessante land vir baie redes. Ongeveer 20% van Malawi is onder water. Dis daarom nie vreemd dat die Njassameer visspesies het wat nêrens elders in die wêreld voorkom nie. Dit is na alles die 3-de grootste meer ter wêreld. Voorheen was Malawi ook bekend as Njassaland. Malawi is dig bevolk (19 miljoen mense) met die gevolglike probleme wat daarmee saamgaan, byvoorbeeld HIV/Vigs. Een van die grootste berge in Afrika is die Mulanjeberg en is bekend vir sy prag en natuurlewe. Dis ook bekend dat Malawi van die rykste landbougrond in Afrika het en 90% van die bevolking leef van landbou.

Malawi is 'n land met geweldig baie natuurlike hulpbronne, maar diktatorskappe, HIV/Vigs, geelkoors en malaria is van die faktore wat groei in die kiem smoor en armoede bevorder. Ander is korrupsie en hoë bevolkingsaanwas wat die landbou onder geweldige druk plaas. Groei word ook belemmer deur swak-ontwikkelde-infrastruktuur. Werkloosheid is aan die orde van die dag.

Aan die ander kant is Malawi dalk arm aan aardse dinge, maar dis 'n land wat intens in God se Woord en sy kerk belangstel. Hulle is uitgesproke daarvoor dat 75% van die bevolking, Christene is. Die NG Kerk het 'n geweldige bydrae hiertoe gelewer, in die besonder die NG Kerk in die Vrystaat.

- Bid vir besinning oor 'n lewenswyse wat HIV/Vigs bevorder;
- Bid vir geestelike leiers en meer Bybels wat 'n groot behoefte in Malawi is;
- Bid vir die verswakking van die invloed van towery en Islam in Malawi

Uitstalling van Naaldwerkgroep:

Die uitstalling is op 25 November 2018 en nie 18 November soos op almanak aangedui nie. Daar sal wel tee wees die oggend van die uitstalling. Loer gerus na die uitstalling, in die Jeugkamer, terwyl julle tee drink. Namens die groep wil ons net baie dankie sê vir al die skenkings deur die jaar, dit word opreg waardeer.